



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES

2015

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B: VYF direkte/indirekte tipe vrae (KEUSE: Beantwoord enige DRIE.)	2	60	30 minute
	3	60	30 minute
	4	60	30 minute
	5	60	30 minute
	6	60	30 minute
C: VIER opsteltipe vrae (KEUSE: Beantwoord enige TWEE.)	7	40	30 minute
	8	40	30 minute
	9	40	30 minute
	10	40	30 minute
TOTAAL		300	180 minute

7. Begin die antwoorde op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 'n Dispuut tussen 'n werkgewer en werknemer(s) oor eise vir beter werksomstandighede kan na die ... verwys word.

- A onderhoudshof
- B KVBA
- C ombudsman
- D werkplekforum

1.1.2 Watter EEN van die volgende items sal mees waarskynlik op 'n werknemer se betaalstrokie verskyn?

- A Munisipale erfbelasting op private eiendom
- B Elektrisiteitsuitgawes
- C Bankkoste
- D Behuisingstoelaag

1.1.3 Diversiteit in die sakewêreld beteken dat ...

- A besighede mense uit verskillende gelowe en kulture behoort in te sluit.
- B slegs voorheen benadeelde individue in diens geneem moet word.
- C slegs jong mense in diens geneem moet word.
- D slegs Engelssprekende mense ingesluit moet word.

1.1.4 Een van die stappe in die proses om strategieë te ontwikkel om nuwe produkte te verkoop, sluit in die ...

- A daarstel van administratiewe doelwitte.
- B implementering van bemarkingstrategieë.
- C vermindering van verkoops personeel.
- D ignoreer van voortgesette bemarkingsprobleme.

1.1.5 Tydens die produksie van glashouers word gehalte-... gedurende elke stadium uitgevoer om te verseker dat die voorafgestelde standarde bereik is.

- A sirkel
- B versekering
- C assuransië
- D raad

- 1.1.6 In die ... spandinamika-teorie identifiseer 'n spanbestuurswiel agt rolle wat spanlede verkies om in 'n span te vervul.
- A Jungiaanse
 - B Margerison-McCann-
 - C groepkonsensus-
 - D Belbin-rol-
- 1.1.7 In die oplossing van ... moet bestuur na alle menings luister en alle standpunte in ag neem voordat besluit word wat die beste stappe is om te doen.
- A kwaliteit
 - B spanwerk
 - C konflik
 - D strategieë
- 1.1.8 Effektiewe terugvoer behels die ...
- A antwoord van vrae na 'n aanbieding.
 - B uitdeel van pamflette.
 - C hantering van moeilike werknemers.
 - D gebruik van visuele hulpmiddele in verbale aanbiedinge.
- 1.1.9 'n Private maatskappy en 'n beslote korporasie het die volgende voordeel:
- A Die minimum getal lede is vier
 - B Albei ondernemings word deur een direkteur bestuur
 - C Die aanspreeklikheid van aandeelhouders/lede is beperk tot die bedrag van hul beleggings
 - D Die kontinuïteit van beide ondernemings is beperk
- 1.1.10 Hierdie bron van finansiering verteenwoordig 'n langtermynlening aan 'n sake-onderneming:
- A RSA kleinhandelspaareffekte
 - B Bankoortrekking
 - C Verskafferskrediet
 - D Skuldbriewe
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

uitsluitings; personeelontwikkeling; bybetaling; ekonomiese; stakings; diskriminasie; mense; plasing; inklusiwiteit; premie

- 1.2.1 ... verwys na die deel van 'n versekeringseis waarvoor die versekerde verantwoordelik is wanneer 'n eis ingestel word.
- 1.2.2 ...-regte sluit vryheid van uitdrukking en assosiasie in.
- 1.2.3 ...-programme is daarop gemik om die vaardighede van bestaande werknemers te verbeter.
- 1.2.4 ... verhinder werknemers om die werkplek te betree nadat onderhandelinge in die bedingingsraad misluk het.
- 1.2.5 ... beteken om elke persoon na waarde te ag, ongeag status, kultuur of gestremdheid. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n term/afkorting uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	'n Wettige dokument wat 'n kandidaat in kennis stel dat hy/sy vir 'n pos aanvaar is	A	WNNR
1.3.2	'n Organisasie wat inligting rakende verbruikers se vermoë om hul skuld te betaal, aan diensverskaffers voorsien	B	afdaningsbrief
		C	inkomstebelasting
1.3.3	Dit word verdien wanneer aandele in 'n maatskappy besit word	D	winste
		E	dividende
1.3.4	Die organisasie wat gewoonlik produkte toets vir voldoening aan nasionale standaarde	F	kredietburo
		G	SABS
1.3.5	'n Verpligte aftrekking van 'n werknemer se salaris	H	aanstellingsbrief

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoorde op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NANA SE DAMESHAARSALON

Nana besit 'n informele haarsalon wat by 'n plaaslike taxistaanplek sake doen. Sy is 'n uitstekende haarkapster. Mans nader haar ook om hulle hare te versorg.

Nana se werknemers is nie opgelei om mans se hare te versorg nie en haar salon is ook nie toegerus om sulke dienste te lewer nie. Sy het nie genoeg kapitaal om die nodige toerusting aan te koop nie.

Nana is bekommerd oor die toename in geweld by die taxistaanplek wat haar klante kan afskrik om haar besigheid te besoek. Aangesien dit 'n informele besigheid is, moet sy die volle kleinhandelprys vir sjampoe en toerusting betaal wat sy by Jumbo Groothandelaars koop.

- 2.1.1 Noem die sakektor waarin Nana se Dameshaarsalon bedryf word. (1)
- 2.1.2 Identifiseer EEN uitdaging vir Nana se besigheid uit ELKE sake-omgewing en klassifiseer dit dienooreenkomstig. Gebruik die tabel hieronder om jou antwoord aan te bied. (9)
- | UITDAGING | SAKE-OMGEWING |
|-----------|---------------|
| | |
| | |
| | |
- 2.1.3 Dui die mate van beheer aan wat Nana se salon gewoonlik kan hê oor elkeen van die sake-omgewings wat in VRAAG 2.1.2 hierbo geïdentifiseer is. (3)
- 2.2 2.2.1 Identifiseer die sake-omgewing waarin die Porter se Vyf Kragte-model toegepas kan word. (1)
- 2.2.2 Maak 'n lys van die VYF kragte van Porter se model. (5)
- 2.3 Verduidelik die voordele van die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005) vir ondernemings. (10)
- 2.4 Bespreek DRIE verbruikersregte soos geïdentifiseer in die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008). (9)

- 2.5 Beskryf TWEE soorte diversifikasie-strategieë. (6)
- 2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

M&U UITRUSTERS BPK.

M&U Uitrusters Bpk. vervaardig skooltruie en sweetpakke. M&U se werkers werk 6 dae per week vanaf 09:00 tot 18:00 sonder ophou, met net een 15-minute-pouse per dag. Werkers wat siekteverlof neem, word nie betaal nie, selfs al dien hulle 'n mediese sertifikaat in.

- 2.6.1 Ontleed die scenario hierbo volgens die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) en doen aanbevelings oor hoe M&U Uitrusters Bpk. hul nienakoming van die WBDV kan verbeter. (12)
- 2.6.2 Omskryf kortliks enige TWEE bepalings van die WBDV wat nie in die scenario hierbo genoem word nie. (4)

[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 3.1 3.1.1 Noem die instelling wat dit vir beleggers moontlik maak om aandele in Suid-Afrika te koop en te verkoop. (1)
- 3.1.2 Beskryf die funksies van die instelling waarna in VRAAG 3.1.1 hierbo verwys word. (6)
- 3.2 Beveel enige TWEE maniere aan om in die instelling, waarna in VRAAG 3.1.1 verwys word, te belê. (4)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DAWN FUNKSIES MSW

Vier ou vriende het onlangs afgetree. Hulle het 'n gedeelte van hul pensioenuitbetalings gekombineer om Dawn Funksies MSW te stig wat spesiale geleenthede/funksies en aktiwiteite vir mense ouer as 60 jaar organiseer.

- 3.3.1 Identifiseer die ondernemingsvorm in die scenario hierbo. (1)
- 3.3.2 Noem die stigtingsdokument wat Dawn Funksies MSW moet gebruik om ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) te registreer. (1)
- 3.3.3 Verduidelik hoe die volgende faktore die sukses of mislukking (of beide) van Dawn Funksies MSW sal beïnvloed:
- (a) Belasting (2)
- (b) Kapasiteit (2)
- (c) Bestuur (2)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VERSEKERINGSEIS

Sanjay het 4 jaar gelede sy huis vir R600 000 gekoop. Sy huis is onlangs teen R1 000 000 en die huishoudelike inhoud teen R500 000 waardeer. Hy het sy huis, inhoud ingesluit, vir R1 200 000 verseker.

Sanjay beskou dit as onnodig om die hoër premie te betaal. Die polis bepaal dat in die geval van 'n eis, die versekerde 'n bybetaling van 5% of R3 000 (na gelang van wat die hoogste is) moet maak.

3.4.1 Haal die markwaarde van Sanjay se eiendom aan. (1)


3.4.2 Is Sanjay se eiendom en huishoudelike inhoud oorverseker of onderverseker? Motiveer jou antwoord. (3)

3.4.3 Op grond van die versekerde bedrag, noem die klousule wat toegepas sal word as Sanjay 'n versekeringseis instel. (1)

3.4.4 Bespreek enige TWEE beginsels van versekering. (6)

3.5 Beveel TWEE aspekte aan wat oorweeg moet word wanneer 'n suksesvolle aanbieding voorberei word. (4)

3.6 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



3.6.1 Identifiseer die soort grafiek wat in die aanbieding hierbo gebruik is. (1)

3.6.2 Dui die gewildste motorvoertuig volgens hierdie grafiek aan. Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

3.6.3 Evalueer die doeltreffendheid van die gebruik van grafieke om inligting aan te bied. (6)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BELEGGINGSMOONTLIKHEDE EN OPBRENGS

Twee familielede, Bobo en Sam, het in Januarie 2011 R400 000 en R200 000 onderskeidelik uit hul oorlede oupa se boedel ontvang.

Bobo het onmiddellik sy R400 000 in vaste eiendom in Umhlanga, 'n kusdorp naby Durban in KwaZulu-Natal, belê. Die plaaslike regering het in September 2013 die oprigting van 'n nuwe winkelkompleks goedgekeur wat tot 'n skerp styging in die vraag na eiendom in die omgewing gelei het. Bobo het in Desember 2013 'n aanbod van R500 000 aanvaar en sy eiendom verkoop.

Sam het in Januarie 2011 sy R200 000 in 20 000 Gold Reef-aandele teen R10 elk belê. Sam het in Desember 2013 al sy aandele teen R20 elk verkoop.

- 3.7.1 Bepaal watter familielid se belegging die hoogste opbrengskoers verdien het. Toon berekeninge om jou antwoord te staaf. (10)
- 3.7.2 Ontleed elke familielid se belegging ten opsigte van die risikofaktor vir die beleggingsperiode. (6)
- [60]**

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Maatskappye se direkteure moet tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV) alle verwante finansiële inligting aan aandeelhouders bekend maak.

- 4.1.1 Identifiseer die beginsel van goeie korporatiewe bestuur waarna in die scenario hierbo verwys word, soos in die King-kode aangedui. (1)
- 4.1.2 Omskryf kortliks enige DRIE ander King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur. (3)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

AHA KONSULTANTE BK

Jane werk reeds die afgelope drie jaar by AHA Konsultante BK en is 'n betroubare, ervare en gekwalifiseerde werknemer.

Die besigheid het 'n senior bestuurspos geadverteer. Vusi, die menslike-hulpbron-bestuurder, het belowe om Jane aan te stel in ruil vir seksuele gunste en soms gebruik hy ook die besigheid se hulpbronne vir sy eie gewin.

- 4.2.1 Haal TWEE situasies uit die scenario aan wat as onetiese sakepraktyke beskou kan word. (2)
- 4.2.2 Beveel maniere aan waarop die TWEE situasies wat in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer is, aangepak kan word. (8)
- 4.2.3 Beskryf enige TWEE ander kwessies wat as onetiese en onprofessionele sakepraktyke beskou kan word. (6)

- 4.3 Tabuleer die verskille tussen *etiek* en *professionalisme* in 'n sake-onderneming. (8)
- 4.4 Bespreek maniere waarop professionele, etiese en effektiewe besigheidspraktyke in 'n uitdagende sake-omgewing bedryf behoort te word. (10)
- 4.5 Beveel maniere aan waarop 'n besigheid 'n omgewing kan skep wat vir kreatiewe denke bevorderlik is. (8)
- 4.6 Onderskei tussen die *nominalegroep-* en die *Delphi-probleemoplossings-tegnieke*. (8)
- 4.7 Bespreek die verband tussen *drievoudige sleutelaspekte ('triple bottom line')* en die *maatskaplike (sosiale) verantwoordelikheid* van 'n onderneming. (6)
- [60]**

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 5.1 Hulle's Hout Edms. (Bpk.) het 'n vakante pos vir 'n finansiële rekenmeester. Beskryf die werwingsprosedure wat die menslikehulpbron-bestuurder behoort te volg om die vakante pos te vul. (9)
- 5.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ZAMA KLEDING

Zama Kleding het 'n vakante pos vir 'n mode-ontwerper. Hulle het hierdie pos geadverteer met behulp van die personeelkennisgewingsbord, interne e-posse/memorandums en omsendskrywes. Toesighouers in verskeie departemente is ook versoek om geskikte kandidate uit hulle huidige personeel te nomineer.

- 5.2.1 Identifiseer die soort werwing wat Zama Kleding in die scenario gebruik het. Motiveer jou antwoord. (3)
- 5.2.2 Evalueer die soort werwing waarna in VRAAG 5.2.1 hierbo verwys word. (8)
- 5.3 Jy word versoek om as voorsitter tydens 'n onderhoud op te tree. Bespreek jou rol voordat die onderhoud gehou word. (8)

5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Shireez, wat 'n glasmonteringsonderneming bedryf, wil drie nuwe werkers in diens neem. Sy is nie seker hoe om wettige indiensnemingskontrakte vir hierdie werkers op te stel nie.

- 5.4.1 Definieer die term *indiensnemingskontrak*. (2)
- 5.4.2 Omskryf kortliks aspekte wat Shireez in 'n indiensnemingskontrak behoort in te sluit. (10)
- 5.4.3 Stel enige TWEE moontlike redes vir die beëindiging van 'n indiensnemingskontrak vir Shireez voor. (4)
- 5.5 Verduidelik die voordele van die implementering van 'n hoë gehaltebestuurstelsel in 'n besigheid. (8)
- 5.6 Ontleed die impak van totale gehaltebestuur (TGB/'TQM') op groot besigheid met verwysing na deurlopende vaardigheidsontwikkeling. (8)
- [60]**

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

6.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JAMES VRUGTE-&-GROENTE-ONDERNEMING BPK.

James Vrugte-&-Groente-Onderneming Bpk. is 'n groot vrugte-en-groente-kleinhandelaar wat in 'n middelklaswoonbuurt geleë is waar die meeste mense gehalteprodukte kan bekostig. Hulle lewer gratis af binne 'n omtrek van 10 km. James Vrugte-&-Groente-Onderneming Bpk. het nie groot opbergingsfasiliteite nie as gevolg van 'n gebrek aan kapitaal. Sommige werknemers het nie die ondervinding om vrugte en groente te hanteer nie.

Die aanbod van buiteseisoenvrugte en -groente is traag en sommige mededingers voer vrugte en groente uit ander lande teen laer pryse in.

Die menslikehulpbron-bestuurder is genoodsaak om aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) te voldoen ten opsigte van die betaling van minimum lone, ongeag werkers se prestasie.

Daar is 'n toenemende vraag na vars vrugtesap deur gesondheidsbewuste klante. Soos wat klante se salarisse verhoog, sal hulle hoër pryse kan bekostig en moontlik duurder vrugte en groente aanvra.

- 6.1.1 Stel 'n SSGB('SWOT')-analise saam vir James Vrugte-&-Groente-Onderneming Bpk. wat op die scenario gegrond is. (8)
- 6.1.2 Beveel TWEE strategieë aan wat James Vrugte-&-Groente-Onderneming Bpk. kan gebruik om hul swak punte, soos in die SSGB-analise in VRAAG 6.1.1 geïdentifiseer, te oorkom. (4)

- 6.2 Beveel maniere aan waarop besighede die volgende sosio-ekonomiese kwessies deur korporatiewe maatskaplike (sosiale) investerings(KMI/KSI)-programme kan aanpak:
- 6.2.1 MIV/Vigs (4)
 - 6.2.2 Werkloosheid (4)
- 6.3 Jy wil R3 000 in RSA Kleinhandelspaareffekte belê in plaas van in effektetrusts.
- 6.3.1 Onderskei tussen *RSA Kleinhandelspaareffekte* en *effektetrusts*. (4)
 - 6.3.2 Verduidelik die voordele daarvan om in RSA Kleinhandelspaareffekte te belê. (8)
- 6.4 Bespreek die rol van persoonlike ingesteldheid in suksesvolle leierskap. (8)
- 6.5 Identifiseer die stadiums/fases van spanontwikkeling wat in die volgende scenario's geïllustreer word:
- 6.5.1 Spanlede het meningsverskille, maar los dit gou op sodat hulle hulle doelwitte kan bereik. (1)
 - 6.5.2 Spanlede werk nie saam nie, omdat hulle om die spanleier se posisie meeding. (1)
- 6.6 Bespreek die volgende as kriteria wat gebruik kan word om suksesvolle spanprestasie te beoordeel:
- 6.6.1 Interpersoonlike houding/ingesteldheid en gedrag (6)
 - 6.6.2 Gedeelde waardes (6)
- 6.7 Evalueer die impak van byvoordele in die werkplek. (6)
- [60]**

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1988 (Wet 97 van 1988) (WVO) skryf verskillende wyses van beroepsgerigte leer voor deur die bevordering van leerderskappe, vaardigheidsprogramme en deur Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerhede (SOOO's/'SETAs'). Die doel van SOOO's/'SETAs' is die implementering van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie en die Menslike-hulpbron-ontwikkelingstrategie.

As 'n kenner van arbeidswetgewing word jy versoek om 'n verslag oor vaardigheidsontwikkeling saam te stel. Die volgende aspekte moet by jou verslag ingesluit word:

- Verduidelik die doelwitte van die WVO
- Evalueer die impak van hierdie Wet op besighede en werknemers
- Omskryf kortliks die rol van SOOO's/'SETAs'
- Beskryf die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie en die Menslike-hulpbron-ontwikkelingstrategie
- Beveel TWEE maniere aan waarop besighede hierdie Wet kan nakom

[40]**VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (LEIERSKAPSTYLE/-TEORIEË)****LEIERS vs. BESTUURDERS**

Volgens 'n onlangse studie is dit redelik 'gevaarlik' om tussen leiers en bestuurders te onderskei, omdat die een nie minderwaardig of ondergeskik aan die ander een is nie.

Entrepreneurs in klein ondernemings, sowel as dié in groot maatskappye, kan doeltreffende bestuurders en suksesvolle leiers wees.

Bestuur word in baie tersiêre kursusse bestudeer en leierskap kan ook deur studie of opleiding bekom word.

Bespreek die volgende kwessies met inagneming van die scenario hierbo:

- Vergelyk *leierskap* met *bestuur*
- Evalueer die outokratiese, demokratiese en laissez-faire-/vrye-teuels-leierskapstyle
- Verduidelik die situasionele en transformasionele bestuurs- en leierskapsteorieë
- Beskryf 'n situasie waarin hierdie twee teorieë in die werkplek toegepas kan word

[40]

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (KMV/KSV)

Ben Potgieter besit Phola b.&o. ('B&B'), 'n bed-en-ontbyt-gastehuis in 'n plaaslike township. Hy stel nie net in die bedryf van 'n onderneming belang nie, maar wil ook by die opheffing van die gemeenskap waar hy sake doen, betrokke raak.

Gee Ben Potgieter advies oor hoe hy sy korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhede(KMV/KSV)-drome kan verwesenlik deur die volgende te bespreek:

- Verduidelik die aard van KMV/KSV
- Bespreek die voordele van KMV/KSV vir besighede
- Beskryf moontlike uitdagings van KMV/KSV vir die gemeenskap
- Stel maniere voor waarop Ben tyd en energie kan bydra om die welstand van die gemeenskap uit 'n sake-oogpunt te verbeter

[40]**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

Rainbow Konstruksie spesialiseer in die bou van huise en paaie. Hulle bestuur is bekommerd oor die gehalte van prestasie in sekere afdelings van die onderneming.

Jy is 'n kundige in die bestuur van totale gehalte en prestasie in die werkplek. Skryf 'n verslag aan die bestuur van Rainbow Konstruksie en bespreek hoe die gehalte van prestasie in die volgende besigheidsfunksies tot die sukses van hul onderneming kan bydra:

- Produksie
- Bemarking
- Aankope
- Algemene bestuur

Ontleed hoe die voortdurende verbetering van prosesse en stelsels die gehalte van Rainbow Konstruksie se huise en paaie kan verbeter.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300